DAG 5

Sonder God dehidreer die mens

Lees Jesaja 55:1-13.

O, almal wat dors het, kom na die waters … (v. 1).

Vir 'n mens is die verskriklikste ding wat met hom kan gebeur sekerlik as hy moet sê, soos ons Here Jesus dit ook eenmaal moes gedoen het: "Ek het dors." Die mens soek dan naarstiglik na water omdat hy gedehidreer het.

Ons kan ook geestelik en emosioneel so getap word dat ons ook wil uitroep: "Ek het dors." Soos daar vir jou liggaam in sy waternood niks beter kan wees as 'n glas water om te drink nie, so is daar ook niks beter vir die mens se siel as om gelaaf te word van sy dors na God nie.

Daarom rig die Here 'n uitnodiging aan die mens wat dors is om na die waters toe te kom. Net die Here het die water van die lewe. Niks anders kan laaf nie, want die water wat Hy gee sal jou nooit weer laat dors word nie. Dit is die water van

die lewe en Hy gee dit verniet vir ons. Net by die Here kan ons ons diepste dors les. Hy wil dit graag vir jou gee. Is jy gereed om sy water te drink?

Here, dankie dat U my hoor as ek sê:
"Ek is dors."

Aantekeninge: